Hoërskool Transvalia

60
1958 - 2018

Tel: (016) 932-1155/6
Finansies: (016) 932-1176
Faks: (016) 932-5252
E-Pos: valia@hstransvalia.co.za
Webblad: www.hstransvalia.co.za

Posbus 12012
LUMIER
1905
H/v Schumann & Bach str.
Vanderbijlpark S.W. 5

Verwysing: ........................................

2019-03-13

**Oueromsendbrief no 3 van 2019**

Geagte Ouer / Voog

**PUNTEVERSLAE EN OUERAAND**
Leerders ontvang op **Maandag 15 April** hul eerste kwartaal se punteverslae in hulle voogklasse. U word uitgenooi na ons oueraand op **Dinsdag 16 April vanaf 17:30 – 19:30 in die skoolsaal.** U kan binne hierdie tydgleuf enige vakpersoneel spreek.

**VRAESTEL 3 OP 11 en 12 April**
Vraestel 3 vir die Junie-eksamen (Afrikaans en Engels) word alreeds op **11 en 12 April** geskryf. Hierdie vraestel is deel van die **eksamen**. Leerders moet asb onder geen omstandighede vir allerlei redes afwesig wees nie. Slegs 'n doktersbrief sal aanvaar word, indien 'n leerder afwesig sou wees op hierdie dae.

**WINTERSDRAG**
Wintersdrag word gedra vanaf 2 Mei. Die skoolbaadjie is dan verpligtend. Kyk asb na die volledige uiteensetting van die skool se wintersdrag in die huiswerkboekie.

**OPVOERINGS TER ONDERSTEUNING VAN AFRIKAANSE LEERPLAN**
Daar gaan professionele opvoerings plaasvind van voorgeskrewe letterkunde werke.
**"Onderwêreld" Gr 12** : **30 April om 14:00** in ons eie skoolsaal.
(Inbetaling van **R 85.00** sluit op Donderdag 25 April)
Drama "**Mis" gr 12** : **Vrydag 3 Mei** om 14:30 in ons eie skoolsaal.
(Inbetaling van **R 85.00** sluit Ma 29 April)

**JAGNAWEEK – 20 Junie tot 23 Junie**
Wen 'n gratis jagnaweek vir twee persone ter waarde van R20 000 ! Dit sluit die jag van 'n kudu / wildebees en twee rooibokke, verblyf en etes in. Drinkgoed is vir jou eie rekening. Die volgende inligting is van belang : Plek : Alldays Polokwane
Koste : R50.00 per kaartjie
Kompetisie sluit : 7 Junie 2019
Die trekking sal op 7 Junie 2019 tydens 'n skoolfunksie plaasvind. Die wenner sal ook telefonies in kennis gestel word, indien hy / sy nie by die funksie teenwoordig is nie. Kaartjies sal aan die begin van die tweede kwartaal beskikbaar wees.

**ATLETIEK – GELUKWENSINGS**

Baie geluk aan al ons atlete wat gekies is om aan die landwye SA-atletiekbyeenkoms deel te neem nadat hul by die Gauteng kampioenskappe presteer het.
Hanno Nel : Eerste plek met hammergooi
Claudine Botha : Eerste plek met hammergooi
Willem Coertzen : Derde met gewigstoot
Caitlin Church : Derde met gewigstoot en derde met diskus
Sheré Janse v Rensburg : Tweede met 100 en 200 meter

Hou asb die datum **Dinsdag 9 April** oop vir 'n atletiek ouervergadering.

**MNR EN MEJ VALIA**
Die Mnr en Mej Valia-aksie vind plaas op 7 Mei om 18:00 in ons skoolsaal met Melinda Bam as gaskunstenaar. Kaartjies is vanaf 24 April beskikbaar teen R 80.00. Die tema is "Greatest Showman".

**B.A.N.G-FONDSINSAMELINGSPROJEK in samewerking met DEWFRESH**
Ingesamelde fondse sal onder die volgende kategorieë aangewend word : **B = Bevordering van die skool ; A = Aanraak ; N = Naaste ; G = Geniet.** Elke graadgroep dryf 'n bepaalde fondsinsamelingsaksie. Die graadgroep met die meeste fondse sal beloon word met 'n "victory day".
Dewfresh het ingekoop op hierdie projek. Elke (6x1 liter) bokse melk of melkskommel (6x350 ml of 10x200 ml in sjokolade- / aarbeigeur), kan teen R65 bestel en betaal word in die voogklasse. Dewfresh skenk R 7.00 per pak aan die graadgroepe. Bestellings kan elke **laaste Donderdag van die maand tussen 18:00 en 20:00** by die skool afgehaal word. 'n Gratis Dewfresh sap of drinkbare jogurt word saam met elke pak vir Aprilmaand ontvang.

**SPORTTOERE GEDURENDE DIE VAKANSIE**
Baie sterkte aan al die sportspanne wat die vakansie addisionele afrigting kry en aan onderskeie wedstryde en toernooie deelneem. Ons doen 'n beroep op almal wat nog nie betaal het nie, om toergelde nou dringend in te betaal.

**BELANGRIKE DATUMS**
Volledige inligting vir die hele jaar is beskikbaar in die huiswerkboekie.

**Vrydag 15 Maart** **:** Skool sluit vir die eerste kwartaal om **10:00**
**Dag 1 word gevolg met kort periodes.**

**Dinsdag 2 April** **:** Skool heropen vir die tweede kwartaal (Dag 1)

**Donderdag 11 April** **:** Netbal liga teen Drie Riviere (Tuis)

**Saterdag 13 April** **:** Tuksskole-reeks rugby en netbal teen Waterkloof (Weg)

**18 April - 21 April** **:** Rugby – 1 ste span by Keersney Festival Durban.

**Vrydag 19 April** **:** Goeie Vrydag

**Maandag 22 April** **:** Gesinsdag

**23 tot 25 April** **:** NWU-skole reeks vir kleiner sportsoorte

**Saterdag 27 April** **:** Vryheidsdag

**Dinsdag 30 April** **:** Gr 12 Opvoering – Onderwêreld

**Vrydag 3 Mei** **:** Gr 12 Opvoering – Mis

**Dinsdag 7 Mei** **:** Mnr en Mej Valia

**Donderdag 9 Mei** **:** Opedag Gr 7's

**Vrydag 14 Junie** **:** Skole sluit.

Baie dankie aan elke leerder en hul ouers vir betrokkenheid by Transvalia die afgelope kwartaal.

………………………………………
J R Venske
HOOF